

Soja se opbrengs 'te laag'

DIE opbrengs van sojabone in Suid-Afrika is te laag en stappe word gedoen om dit te verhoog, het mnr. Gerhard Scholtemeijer, voorsitter van die Proteïennavorsingsstigting (PNS), gesê.

Die plaaslike gemiddelde opbrengs oor drie seisoene is slegs 1,60 ton/ha, oor vyf seisoene is

dit 1,70 ton/ha en oor tien seisoene 1,65 ton/ha.

“Dit is nie goed genoeg nie en dit is hoekom met ’n projek begin is om die opbrengs te verhoog deur wisselbou, die gebruik van die beste tegnologie en oor te skakel na bewaringsboerdery,” het hy gesê.



Van die boere wat die boeredag op Brits bygewoon het waar Amerikaanse boere vertel het hoe hulle wêreld-opbrengsrekords opgestel het. Van links is mnre. Louis Minnaar van Thabazimbi, Jaco Steenkamp van Atlanta, Ernst Potgieter van Brits, Nimrod Barnard van Brits en Paul Minnaar van Rustenburg.